# REDAKSIONEEL

Enige akademikus wat deesdae glo dat sy pos vir 'n onbeperkte tyd sekuur sal bly, leef in 'n gekkeparadys. Die swak ekonomie, die waarskynlike halvering van staatsubsidie aan universiteite en die kanalisering van diegene wat vroeër jare universiteit toe sou gaan na technikons, is alles bydraende faktore. Rasionalisering van akademiese departemente, afskaffing van poste en welverdiende bevorderings wat op die lange baan geskuif word, is gevolglik aan die orde van die dag.

Insgelyks leef studente wat glo hulle is verseker van werk ná voltooiing van hul graad, ook in Plato se spreekwoordelike grot. Ek het onlangs êrens gelees dat die persentasie van alle werksoekers in Suid-Afrika wat deesdae werk kry, in die koers van 12% is.

Waar staan die kommunikasiedosent en die kommunikasiestudent in hierdie ontmoedigende scenario? Hieroor is ook los en vas gepraat op die jongste SAKOMM-kongres. Die goeie nuus is dat die meeste kommunikasiedepartemente in die land steeds van die koste-effektiefste departemente in die betrokke universiteite is (saam met, interessant genoeg, vakke soos Rekenaarwetenskap en Rekeningkunde). Dit is nou as mens die dosent-student proporsies in ag neem, en die voortdurende groei in studentegetalle wat subsidie genereer. Die ander goeie nuus is dat al hoe meer poste wat deesdae in koerante geadverteer word, spesifiek 'n graad in Kommunikasie vereis. Ook het die spektrum van poste waarin kommuniekasiekundiges hulle kan staan maak, verblydend verbreed.

Die groot vraag wat SAKOMM (deesdae een van die grootste vakverenigings in die land) homself egter sal moet afvra, is hoe lank sal dit so voortduur? Erens gaan 'n (afsny)-punt kom — soos 'n rektor my eens gewaarsku het — waar groei in voorgraadse studentegetalle nie meer 'n groei in dosenteposte sal verseker nie. Die dosent-studente verhouding kan dan só disproporsioneel word dat onderrigkwaliteit noodwendig daaronder sal ly. En tweedens, gaan al hierdie studente werk kry in 'n politieke en sosio-ekonomiese klimaat wat by die dag meer onvoorspelbaar word?

So min as wat sommige kollegas van die idee mag hou, lê die oplossing myns insiens daarin dat voorsitters van kommunikasiedepartemente hulle nie meer net met suiwer akademie kan bemoei nie, maar ook "bestuurders van verandering" sal moet word. In hierdie verband word twee punte beklemtoon:

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

- **Pro-aktiewe beplanning,** byvoorbeeld deurdat hierdie departemente deur navorsing en publikasie hul navorsingstrustfondse só sal moet opbou — terwyl die stelsel nog bestaan — om te voorsien vir die onvoorsiene.

  Terselfdertyd sal personeel aangemoedig moet word om voortdurend bedryfskontak te behou deur konsultasie, kontraknavorsing of gewoon net sigbaarheid in die media. Hierdeur word nie net inkomstes aangevul nie, maar word ons beter dosente en verseker ons dat die bedryf kennis neem van wat kommunikasiekundiges alles kan doen. Ons moet onsself onmisbaar maak.

- **Konsolidasie eerder as uitbreiding** moet nagestreef word. Keuring van voorgraadse studente sal byvoorbeeld ernstig oorweeg moet word. Dit sal 'n beter gehalte produk aan die bedryf lewer, en tweedens die persepsie teëwerk dat kommunikasiedepartemente soos worsmasjiene funksioneer. Derdens sal dit ook tred hou met die toenemende druk om groei van universiteitstudentegetalle te inhibeer.

'n Slotgedagtetjie aan die adres van ons graduandi, is dat hulle moet afsien van die persepsie dat die bedryf hulle 'n werk van hul keuse "skuld". Dit val op hoeveel afgestudeerde kommunikasiestudente kla dat hulle nie werk kry nie, maar terselfdertyd nie belangstel in die "vervelige" poste wat wel beskikbaar is nie. Navorsing, staatsdiens of akademiese poste of verafgeleë universiteite is nie goed genoeg nie, maar die "glamour"-poste soos 'n "PRO" (verkieslik halfdag), TV aanbieder, ondersoekende joernalis, en 'n pos in die advertensiebedryf (verkieslik die skeppende afdeling) is 'n MOET. Hierdie persepsies is luukshede wat nog nooit bekostig kon word nie — selfs in goeie tye. Die onus het nog altyd op enige graduandus — afgesien van sy kwalifikasies — berus om homself te bemark deur homself te bewys. Nie een van ons kon loop voor ons gekruip het nie.

**NINA OVERTON**



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).